

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 36**

**3 September 2023**

## Gedoop deur God se Gees

**Jesus en Nikodemus**
Joh 3:3-6: "Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Nikodemus vra Hom toe: Hoe kan 'n mens gebore word as hy al 'n ou man is? Hy kan tog nie 'n tweede keer in sy moeder se skoot kom en gebore word nie? Jesus het geantwoord: Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan Hy nie in die koninkryk van God kom nie. Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees."
Nikodemus het geweet dat hy in die mikvah kon gaan om weergebore te word, maar nou moes hy nogeens deur die baarmoeder van die Gees gebore word. Hy moes sterf aan sy ou manier van dink en dit in die doopbad van die Gees afwas en dit dood verklaar. Hy moes deur die Gees weergebore word. Jesus se koms aarde toe het ook aan die doop nuwe betekenis kom gee.

**Die transformerende krag van die Heilige Gees**
Die doop met die Gees verg dat ons volkome oorgee aan Hom en deurdrenk raak met Sy teenwoordigheid. Dit bring 'n transformasie in ons teweeg. Paulus skryf dit so: "Eens op 'n tyd was ons ook dwaas en ongehoorsaam. Ons was verlei en verslaaf aan baie begeertes en allerlei bose plesiere… Toe het die goedheid van God ons Verlosser en Sy liefde vir mense verskyn. Hy het ons verlos.. Dit het Hy vermag deur die reiniging (doop) van die wedergeboorte en deur die Heilige Gees wat ons vernuwe" (Titus 3:3-5 NLV).

**Deur die Gees opgewek tot 'n nuwe lewe**
Hierdie deel van ons redding word versinnebeeld deur die simbool van die graf in die doop. Paulus skryf: "Ons is immers dood vir die sonde. Dis tog onmoontlik dat ons nog langer daarin kan voortlewe! Of het julle vergeet dat ons met ons doop een geword het met Christus Jesus en so saam met Hom gesterf het? Deur die doop is ons saam met Hom begrawe as mense wat deel in Sy dood" (Rom 6:2-4 NLV). Die doop in die Gees verskaf ook 'n baarmoeder waaruit ons nuut gebore word. Romeine 6:4-5, 11 NLV:"En nou kan ons, net soos Christus wat deur 'n heerlike magsdaad van die Vader opgewek is, ook 'n totaal nuwe lewe leef. Aangesien ons met Hom een geword het in Sy dood, sal ons ook saam met Hom opgewek word tot 'n nuwe lewe… Julle moet dus ook vir seker weet dat julle vir die sonde dood is, en nou vir God lewe deurdat julle met Christus Jesus één is."

**Die Gees wil ons omvorm en nuut maak**
Dit was hierdie transformerende krag van die Gees wat Petrus in 'n vreeslose getuie verander het en Paulus in 'n man wat bereid was om sy eie lewe vir Christus af te lê. Die transformerende krag van die Gees wil ons karakter omvorm, ons gedrag verander en ons vernuwe om God se beeld helder te weerspieël. Daar waar jy nog swak is, waar jy nog struikel, waar jou humeur nog uithaak; waar vrees jou nog vasdruk; waar jy swyg wanneer jy God moet verteenwoordig, dáár moet ek en jy die transformerende krag van die Gees toelaat om ons nuut te maak.
Lê jou swakhede af en los hulle in die graf van die doop met die Gees. Staan saam met die Heilige Gees op uit die dood in 'n nuwe lewe op elke terrein van jou lewe. **– Dr Elza Meyer**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons skoliere en studente dat hulle God se liefde vir hulle sal ontdek.
- Vir Eskom, water krisisse, onrus en nood in ons land.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie — Cedric Wiegand
- Maria Steyn — Ria Putter
- Oom Sampie Swart — Tannie Martie de Beer
- Jaco Steenkamp — Monty Pienaar
- Tannie Marinda Jordaan — Heleen Lamont
- Piet Venter — Louis Strauss
- Annika Killian — Sumari Pretorius
- Leonie Kruger — James Vermaak
- Baba Handré Kotzé — Albert Glockzin
- Petrus Venter — Oom Willie en tannie Dezi
- Jillian Jansen — Rudi Kruger
- Neil Hauman — Frik Blom

**Gedagte vir die week**

**Staan saam met die Heilige Gees op uit die dood in ‘n nuwe lewe op elke terrain van jou lewe!**

**Stuur Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org